# ELKE KLAS 'N ONDERVINDING.

Dit is eintlik moeilik om na soveel jare, waarin 'n mens weens ander studierigtings en ander beroepsrigtings min kontak behou het met prof. Schulze, oor sy persoon en oor sy werk as wetenskaplike en as dosent te skrywe. Sover ek weet, was Victor Hesse en ek, met Jan Jonker die volgende jaar daarby, sy eerste magister-studente — en dit was darem al dertig jaar gelede.

In daardie jare was die P.U.K. nog klein teenoor wat dit vandag is, en elke dosent moes in die meeste gevalle alle studente in sy vak man-alleen bedien, wat die groot vereiste aan elkeen gestel het dat hy meester in elke afdeling van sy vak moes wees. Hierdie eis is beslis destyds aan prof. Schulze gestel, en hy was ongetwyfeld meester in elke afdeling wat hy met ons behandel het.

Soos lig te begrype is, kon ons M.A.-studente nie elkeen 'n onbeperkte keuse uitoefen in die ses vakke wat ons vir die magistergraad wou loop nie — nie omdat prof. Schulze ons nie die nodige leiding daarin sou kon gee nie, maar bloot omdat dit fisies en veral uit 'n tydsoogpunt net eenvoudig onmoontlik sou gewees het vir een man om dit alles te beharttig saam met al drie die baccalaureusjare. En as ek nou na jare terugkyk op daardie studiejare waartydens ek prof. Schulze baie naby leer ken het, dan is een van sy eienskappe as dosent wat 'n baie diep indruk op my gemaak het, juis daardie groot werkvermoë, as gevolg waarvan elke klas 'n ware genot was. As gevolg van deeglike studie vooraf — en enigiemand wat elke week klasse moet gee oor Goties, Middelhoogduitse taalkunde en letterkunde, fonologie vir tweede- en derdejaarstudente, foneties en grammatika vir die eerste jaar, en letterkunde wat strek vanaf 'n breë oorsig oor die Duitse letterkunde tot 'n intensiewe behandeling van Goethe se Faust, om maar 'n paar breë rigtings aan te dui, sal besef hoe deeglik so 'n dosent hom wel moet instudeer en voorberei — as gevolg van daardie deeglike studie kon prof. Schulze op sy beskeie manier, met sy vriendelike glimlag en sy fyn humorsin van elke klas 'n ondervinding maak wat die moeite werd was. Elke klas het 'n bepaalde veld gedek, was doelgerig, nie net omdat die dosent 'n wye kennis van sy vak gehad het nie, maar omdat hy veral ook uit daardie wye kennis rigtings kon kies en lesings kon gee wat daardie rigtings duidelik deur die student kon laat volg.

Miskien kan ek dit beste illustreer deur 'n staaltjie uit my persoonlike ervaring. So teen Septembermaand, kort voordat ek my M.A.-eksamen moes gaan aflê, het ek die gevoel begin kry dat ek, ten spyte van twee jaar se harde studie, so min van die Duitse letterkunde af geweet het, dat ek dit nooit kon waag om eksamen te gaan skryf nie. Natuurlik het ek min geweet, maar ek het my nood by prof. Schulze gaan kla en toe na 'n lekker koppie tee huis toe gegaan — ek was weer vol moed en sterk. Die aand het ek toe vir myself probeer rekenskap gee van wat prof. Schulze dan nou eintlik gesê het om

my weer die nodige selfvertroue te gee. Hy het my nie daarop gewys hoe onmoontlik dit is vir 'n M.A.-student om ook maar naastenby genoeg van die Duitse taal en letterkunde te weet nie, hy het my nie probeer vertel hoe baie ek wel weet nie; hy het eenvoudig gesels oor die groot rigtings wat ons wel behandel het en waarvan ek uit die aard van die saak wel 'n goeie kennis gehad het. Dit is en was dan altyd vir my een van die belangrike eienskappe van prof. Schulze as dosent, dat hy uit die magtige hoeveelheid materiaal in die taal en letterkunde van die Duitse volk sekere studierigtings kon kies wat op hulself ryk en bevredigende studiegebiede gevorm het sonder dat die student verdrink het in 'n see van feitekennis. Watter genot was dit dan ook nie om onder sy leiding die Middelhoogduitse minnesangers te hoor voordra nie: die klasse-indeling met sy gevolglike onbevredigbare romantiese verlangens, die fyn humor, die heroïd, die innige liefde; of om honderde jare later dieselfde romantiek (nou uitgebou met sulke kunsgrepe soos die uil, die natuur wat menslike stemmings vertolk) terug te vind in sang en prosa en in drama; om die gloriejare van die Duitse kuns te leer ken onder Goethe en Schiller; of om die ontwikkeling van die Duitse drama in die negentiende eeu te volg.

Hierdie dinge het vir ons as sy studente skatte geword wat vir ewig in ons besit sal bly en waarna ons gereeld op ryper leeftyd terugkeer sodat ons dit alles kan oorlewe en opnuut kan geniet. En deel van hierdie skatte is die innemende persoonlikheid van prof. Schulze self — 'n gids wat intiem vertroud was met die skatte self en hulle daarom ook met soveel liefde aan ons kon oordra. Miskien het die feit dat ons ons M.A.-klasse in sy studeerkamer gehad het, daartoe bygedra, want 'n mens se boekery vorm 'n intieme deel van homself, veral as hy so maklik een van die boeke kon uittrek en na 'n bepaalde passaat kon verwys om 'n gesaghebbende opinie te kry oor die een of ander punt wat onder bespreking gekom het na aanleiding van iets wat daar in die klas gesê was.

Miskien is dit hier 'n geskikte plek om van mev. Schulze kortliks melding te maak: 'n vrou is mos ook deel van 'n man se persoonlikheid, nie waar nie? En watter liefde en vriendskap het ons nie van haar ervaar nie! Die klasse was noodwendig lank, maar sy het altyd gesorg dat ons 'n behoorlike onderbreking het en heerlike tee en eetgoedjies kry, terwyl studievakke vir daardie kwartier streng verbode was. Dikwels het ons ook by hulle gaan eet, 'n „Bohle" gaan nuttig, of sommer gaan gesels — altyd het sy vir haar studente gesorg!.

Maar om op prof. Schulze terug te kom: ek dink hy kon dit alles behartig slegs omdat hy sy eie doseermetode gehad het. Al van die tweede jaar B.A. af, het hy in die klas slegs oor breë beginsels gepraat, terwyl hy besondere take aan die studente opgedra het. Hy sal bv. oor die drama in die tiende eeu praat en dan moet die studente een dramaturg na die ander bestudeer, sy werke lees, werke oor hom lees en dan 'n referaat oor hom uitwerk. Ek weet nie hoekom nie, maar ek het nog in letter-

kunde, nog in taalkunde ooit 'n enkele aantekening in prof. Schulze se klasse gemaak. Hy het die stof gewoonlik so interessant voorgedra, dat 'n mens bang was jy sou iets mis solank jy aantekeninge maak. Daar was ook nie tyd nie — prof. Schulze het nie sulke „lesings" gegee wat 'n mens kon afskryf nie. En tog, as jy later die betrokke taalkunde- of letterkundewerke gaan naslaan, het alles skielik vir jou betekenis.

Miskien was een van die grootste eienskappe van prof. Schulze as dosent die feit dat hy hierdie selfde metode ook in sy taalkundeklasse kon toepas en alles lewe en betekenis kon gee. As ek terugdink aan fonologie in my derde jaar of Goties en Middelhoogduits in M.A., dan is hulle nie vir my aparte, los staande verskynsels nie, maar slegs besondere aspekte van die taal self. Veral in Goties en Middelhoogduits het taal en taalverskynsels so innig met die inhoud vervloei, dat 'n mens dikwels nie geweet het of jy in daardie klas nou besig was met taalkunde of met letterkunde nie.

Ten slotte: as gevolg van hierdie eienskappe het prof. Schulze op my 'n diepe en blywende indruk gemaak as geleerde, as leermeester, as vriend en as gids vir die lewe.

P. G. LE CLUS.